Aangesien Remgro 'n beleggingshouermaatskappy is, word openbaarmaking ten opsigte van volhoubaarheid beperk tot die maatskappy self en sy volfiliale, insluitende Wispeco en Tsb Sugar. Sosiale en volhoubaarheidsverslaggewing deur genoteerde entiteite waarin beleggings gehou word, verskyn in die jaarverslae van daardie ondernemings.

Die belangrikste aspekte om te rapporteer, is soos volg:

## VERHOUDINGE MET BELANGHEBBENDES

Die volgende word as belanghebbendes van die maatskappy erken:

- Aandeelhouers en leners as verskaffers van kapitaal
- Die staat as beleidmaker en reguleerder
- Die beleggingspubliek as 'n belangegroep
- Die gemeenskap, vanweë die skep van werkgeleenthede, as gedeeltelike begunstigde van die belasting wat winsgewende organisasies betaal en as ontvanger van sosiale bydraes

Die direksie hersien gereeld sy strategieë, met inagneming van die behoeftes van belanghebbendes, om ewewigtige langtermyngroei, en die lewensvatbaarheid van die maatskappy en die omgewing waarin hy funksioneer, te verseker.

## GROEPETIEK

Dr Anton Rupert, stigter van die groep wat vandag Remgro Beperk insluit, het meer as 40 jaar gelede riglyne opgestel vir die suksesvolle bedryf van sake. Hierdie riglyne het ontwikkel in wat vandag Remgro se waardes is. Die maatskappy glo dat die gees waarin dit streef om 'n goeie korporatiewe burger te wees, in hierdie waardes beliggaam is. Dit glo verder dat etiese gedrag spruit uit die waardesisteem wat deur die direksie gekommunikeer en gedemonstreer word.

Remgro se verbintenis tot etiese gedrag is in die volgende gedokumenteer:

- Etiese kode
- Geskenkebeleid
- Internetbeleid
- Dissiplinêre kode

## VEILIGHEID EN DIE OMGEWING

Die maatskappy het 'n veiligheid-en-gesondheidskomitee wat saamgestel is ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid. Die komitee help die direksie om seker te maak dat die maatskappy 'n veilige, gesonde en risikovrye omgewing vir sy personeel en besoekers bied en sien toe dat beheermaatreëls om risiko's te beperk doeltreffend is en toegepas word.

Die meeste van die maatskappy se kernbedrywighede word as van 'n lae impak beskou sover dit die uitwerking daarvan op die omgewing betref.

Die maatskappy meet sy huidige omgewingspraktyke aan die norme wat deur die Global Reporting Initiative™ (GRI)-raamwerk gestel word. Dit sluit die volgende in:

- Materiale
- Energie
- Water
- Biodiversiteit
- Uitlatings, uitvloeisels en afval
- Verskaffers
- Produkte en dienste
- Voldoening
- Vervoer

Waar nodig geag, word gebruik en impak gekwantifiseer en aan beste praktyke gemeet. Indien toepaslik, word die nakoming van veiligheid-, gesondheid- en omgewingstelsels teen formele standaarde, soos ISO, gemeet en aan onafhanklike oorsig onderwerp. Onafhanklike direksies monitor kapitaalprojekte wat daarop gerig is om die omgewingsimpak te verminder deur middel van toenemende bio-afbreekbare herwinning.

Tsb Sugar het prestasiedoelwitte gestel om sy omgewingsimpak te beperk, soos byvoorbeeld bagasse, 'n neweproduk van die suikerproduksieproses, wat gebruik word om elektrisiteit op te wek. Ongeveer 60% van Tsb Sugar se elektrisiteitsbehoeftes word opgewek deur middel van bagasse. Surplus elektrisiteit word teruggeplaas in die Eskom nasionale netwerk.

## MIV/VIGS-BELEID

Uit 'n beleggingshouermaatskappy se perspektief bestaan die risiko verbonde aan MIV/vigs uit twee elemente, naamlik:

### Groeprisiko

Gegewe die potensiële uitwerking van MIV/vigs op markte, menslike kapitaal, die koste van indiensneming en die bedryfsprosesse van ondernemings waarin belê is, word hierdie risiko binne die strukture van die onderskeie maatskappye bestuur.

Die vordering van hierdie beleid en strategieë word aan die hand van bestepraktyk-standaarde gemonitor.

### Maatskappyrisiko

Remgro en M&I het 'n formele MIV/vigs-beleid en is verbind tot daadwerklike stappe om die pandemie, en die besigheidsrisiko's daaraan verbonde, te bestuur. Die beleid maak onder andere vir die volgende voorsiening:

- Dat alle wetlike verpligtinge met betrekking tot MIV/vigs nagekom word
- Dat daar op geen wyse teen werknemers of potensiële werknemers gediskrimineer word op grond van hul MIV-status nie
- Dat inligting oor die MIV-status van werknemers streng vertroulik gehanteer word
- Dat algemene maatreëls ingestel en bestuur word om toevallige besmetting te voorkom

Remedi Mediese Hulpskema, waaraan die meeste M&I-personeel behoort, beskik oor 'n bestuursplan vir MIV/vigs waaraan werknemers volgens hul keuse deelneem.

## WERKNEMERS

Opsomming van die werknemers van bedryfsfiliale

| | **2007** | 2006 |
|---|---|---|
| Rainbow Chicken | **7 223** | 6 686 |
| Wispeco | **963** | 888 |
| Tsb Sugar (kontrakwerkers uitgesluit) | **2 533** | 2 308 |
| Ander | **14** | 10 |
| | **10 733** | 9 892 |
| M&I | **172** | 188 |
| | **10 905** | 10 080 |

Die direksies van die onderskeie bedryfsfiliale is verantwoordelik vir hul eie strategie met betrekking tot diensbillikheid, MIV/vigs-programme, opleiding en ander personeelaangeleenthede en verdere ontledings in kategorieë word dus nie hier verstrek nie.